

In memoriam

Voormalige lid Seef Le Roux is op 29 Mei 2010 oorlede en Jan Verster, een van Pretoria Balie se min deskundiges op Waterreg, is op 13 Mei 2010 oorlede.

Verskeie van ons voormalige lede en oudregters is sedert die vorige nuusbydrae oorlede, naamlik regters Andre Botha, Danie Le Roux en Henry Preiss. Ons innige simpatie aan die naasbestaendes van al ons lede en voormalige lede.

Wyle Daniël Johannes Haarhof le Roux: 16/10/1928-12/5/2010

Deur Kees van Dijkhorst, voormalige
regter van die Noord-Gautengse
Hooggeregshof

Sy heengaan was soos hy dit wou gehad het. Onverwags, sonder veel lyde en met so min omhaal as moontlik. Geen berafniskenisgewing waarvan jy kon aflei dat een van die groot bome van die regswood omgeval het nie. Net sy naam, geboorte- en sterfdatum. Geen publieke roudiens nie. Tog kom dit Danie le Roux toe dat sy afsterwe nie ongemerk verbygaan nie.

Die hulde wat sy kinders en susters aan hom gebring het was roerend. In herinnering is geroep sy godsvrug, sy liefde vir

vrou en kinders, sy geselligheid, sy medemenslikheid en deernis.


Sy intellek kom van voorouers aan beide kante. Sy oupa aan vaderskant was die stigter van die Apostoliese Geloofsending van SA. Sy oom aan moederskant was prof Theo Haarhof, vermaarde latinis. Hyself het matriek met onderskeiding in alle vakke geslaag – toe dit nog 'n uitsonderlike prestasie was. Na sy studie aan die Universiteit van Pretoria behaal hy die grade BA en LLB *cum laude*. Hy werk in die Parlementêre sekretaris se kantoor vanaf 1951 en sluit by die Pretoria Balie aan in 1956, word senior consultus in 1974 en dien as voorsitter van die Balieraad.

Hy doseer deelyds handelsreg aan UP van 1957 tot 1961.

In 1977 is hy aangestel op die regbank van die Transvaalse Provinsiale Afdeling en in 1985 word hy aangestel as Hoofregter van Venda. Hier bring hy van sy gelukkigste jare op die bank deur tot 1991 tot hy terugkeer na die Hooggeregshof te Pretoria, waar hy met tye waarneem as Adjunk-regterpresident.

In 1999 tree hy af en bereis daarna Suid-Afrika met vrou, sleepwaentjie en tentjie.

Hy was getroud met Hilda Vogel wat hom in 1972 ontval het. In 1976 is hy getroud met Laurina Schelling. Hy word oorleef deur sy vrou, drie seuns, vier dogters en veertien kleinkinders.

Ons groet 'n joviale kollega en bekwame regter. 

Financial Investigations

Trevor Foster

B.Com (Rand) CA (SA)
(Honours) Taxation (Cape
Town)

48 Francolin Road
Camps Bay
Cape Town 8005

Tel: (02 1) 43 8 1144
Fax: (02 1) 43 8 5655

E-Mail:
trevorfoster@iafrica.com

- 
- Breach of Contract
 - Business Interruption
 - Business Valuation
 - Child and Spousal Support
 - Companies Act Enquiries
 - Construction Claims Consulting
 - Copyright, Trademark and Trade Secret Cases
 - Cost Estimation • Damage Assessment • Discovery
 - Fraud and Embezzlement • Incremental Cost
 - Investigative Accounting • Liquidations & Insolvencies
 - Litigation Support • Lost Earnings • Lost Profits
 - Marital Dissolutions
 - Tracing/ Apportionment of Assets
 - Patent Infringement • Tax